

DIE SKEPPING VAN ADAM EN EVA

ADAM IS GESKAPE

Gen 1:27

1953

En God het die mens **geskape** na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom **geskape**; man en vrou het Hy hulle geskape.

Hebrew Linear

him He **created (bā·rā) (bara)** of God in the image in His (own) image man – God **So created (way·yib·rā) (bara)** them He created and female male

Bara (ברא): is die Hebreëuse vir skep wat beteken “God het geskep”. “[he] **created/creating**”. The word is in the masculine singular form, so that “he” is implied; a peculiarity of this verb is that it used only of God. To create, shape, form, (*always with God as subject*) of heaven and earth of individual man of new conditions and circumstances of transformations. To be created of heaven and earth of birth of something new of miracles. God skep (bara) die eerste man en vrou. Bara word net drie keer gebruik: Gen 1:1, Gen 1:21 en Gen 1:27.

Gen 2:7

1953

*En die Here God het die mens **geformeer** uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het dan die mens 'n lewende siel geword.*

Hebrew Linear

the breath (niš·mat) into his nostrils (bə·'ap·pāw) and breathed (bə·'ap·pāw) the ground (hā·'ā·dā·māh) of (min-) (from) the dust (ā·pār) man (hā·'ā·dām,) – (et-) God (ē·lō·hīm) Yahweh (Yah·weh) And **formed (way·yî·šer) (Yatzar)** living (ḥay·yāh.) a being (lə·ne·pēš) the man (hā·'ā·dām) and became (way·hî) of life (ḥay·yîm).

Yatzar (יצר): is Hebreëuse woord vir formeer en beteken “om te vorm” (“**He Who Formed.**”). Yatzar is 'n Hebreëuse werkwoord wat gebruik word vir die vorming van beide diere en mense. Yatzar word gespel yitser wanneer dit oor diere gaan (2:19) en word gespel yyitser wanneer dit oor die mens gaan (2: 7). Hierdie dubbele jod is uniek.

Asah (ā·śeh) en Yatzar is presies dieselfde Hebreëuse woord wat God se vorming van embryos in die baarmoeder beskryf. Asah is 'n werkwoord en beteken om te doen of om te modelleer.

- Yatzar is 'n pottebakkers term (die klei neem vorm aan deur dit te druk). Iets te skep wat net God kan doen, bv: 2 Sam 17:28, Jes 29:16, Jer 18:1-17 – Verse 6 “*Sal Ek nie soos hierdie pottebakker met julle kan maak nie, o huis van Israel? spreek die Here. Kyk, soos klei in die hand van die pottebakker, so is julle in my hand, o huis van Israel!*”
- Dit word ook gebruik vir 'n goudsmid wat afgode maak, bv in Jes 44:9, Hábakuk 2:18.
- In Jes 49:5, word dit gebruik vir die formering van die Messias se liggaam in die moederskoot. “En nou sê die Here wat My van die moederskoot af geformeer het om sy Knecht te wees, om Jakob na Hom terug te bring en dat Israel by Hom versamel mag word — en Ek word geëer in die oë van die Here, en my God is my sterkte —
- God vorm harte: Ps 33:15 – “Hy wat die hart van hulle almal formeer, wat let op al hul werke.”
- God vormeer die oog: Ps 94:9 – “Sou Hy wat die oor plant, nie hoor nie, of Hy wat die oog formeer, nie sien nie?”
- God se hande het die menslike liggaam gevorm, gefatsoeneer: Ps 119:73 – “U hande het my gemaak en my toeberei; maak my verstandig, dat ek u geboorte kan leer.”

Stof van die aarde:

En die Here God het die mens geformeer uit die stof van die aarde (hā·'ă·dā·māh) (adamah)

Adamah (אֲדָמָה) word vertaal as grond of aarde. “God het die aardbewoner uit die aarde geformeer”. Die mens (Adam) is geskape uit die aarde (adamah) self. Die mens is beide uit die aarde en bewoon die aarde.

Die beeld is van iets wat uit klei gemaak is, bv:

- Job 4:19 – “Hoeveel meer by hulle wat kleihuse bewoon, van wie die grondslag in die stof is, wat fyngedruk word soos 'n mot.”
- Job 10:8-9 – “U hande het my geformeer en my gemaak, heeltemal rondom; en U vernietig my! Bedink tog dat U my soos klei gevorm het, en wil U my tot stof laat terugkeer?”
- Job 33:6 – “Kyk, teenoor God staan ek in dieselfde verhouding as u: van klei is ek ook afgeknyp.”
- Jesaja 45:9 – “WEE hom wat met sy Formeerder twis — 'n potskerf by erdepotskerwe! Sal dan die klei sê aan die wat dit vorm: Wat maak jy? Of jou werk sê: Hy het geen hande nie!

NS In die Rabbynse tradisie, het die rabbi's geleer dat die stof uit alle dele van die wêreld versamel is om Adam te maak. Stof is ook bymekaargemaak by die toekomstige plek van die Altaar om te simboliseer dat die Altaar versoening sou bring vir die mens se sonde.

EVA IS GEBOU MET BEEN EN VLEIS UIT ADAM SE SY

Gen 2:18

1953

Ook het die **HERE** God gesê: Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom 'n **hulp** maak wat by hom pas.

Hebrew Linear

a **helper ('ê·zer) (ezer)** him (lōw) I will make ('e·'ě·śeh) alone (lə·ḅad·dōw) man (hā·'ā·dām) that should be (hě·yō·wṭ) (it is) (tō·wḅ) not (lō-) God ('ě·lō·hîm,) Yahweh (Yah·weh) And said (way·yō·mer) **suitable (kə·neġ·dōw.) (kenegdo)**

Die enigste ding wat God gesê het nie goed was nie, is dat die mens alleen was. Dit was nie God se doel vir die man om alleen te wees nie.

Ezer: is Hebreëuse woord vir hulp: Adam het 'n helper (ezer) nodig. Daar is 21 tekste waar ezer in die Hebreëuse Bybel voorkom, insluitend die twee verse in Gen 2. Sestien daarvan verwys duidelik na God. Die vers wat dit die mooiste verduidelik is Ps 121:1-2 “*Ek slaan my oë op na die heuwels, waar kom my hulp (ezer) vandaan? My hulp kom van God, die Skepper van hemel en aarde.*” Dit is duidelik dat die vrou nie minderwaardig is nie.

Dit word in die volgende skrifgedeeltes gebruik om God te beskryf, bv:

- Exodus 18:4;
- Deuteronomium 33:7, 26, 29;
- I Samuel 7:12;
- Ps 20:3; 33:20; 46:2; 70:6; 115:9-11; 124:8; en
- Ps 146:6.

Kenegdo: 'n hulp vir hom. 'n Hulp wat gepas is vir hom; 'n hulp wat hom werd is; 'n hulp wat met hom ooreenstem; 'n hulp as sy teenoorgestelde; 'n hulp as sy ekwivalent. Alles wat die man ontvang het op die dag van sy skepping, het die vrou ook ontvang. Sy voltooi die man perfek, sy vul sy tekortkominge aan en doen wat hy nie alleen kan doen nie. Die man is op so 'n manier geskape dat hy die hulp van 'n maat nodig het, fisies, sosiaal en geestelik.

En die Here God **bou die rib** wat Hy van die mens geneem het, tot 'n vrou en bring haar na die mens.

Hebrew Linear

into a woman (lə·'iš·šāh) the man (hā·'ā·dām) from (min-) He had taken (lā·qah) which ('ă·šer-) the **rib (haṣ·ṣê·lā')** (tzela) – ('et-) God ('ē·lō·hīm) Yahweh (Yah weh) and **made (way·yi·ben) (Banah)** the man (hā·'ā·dām.) to ('el-) and He brought her (way·bi·'e·hā)

Jewish Bible

Bereishit - Genesis - Chapter 2 verse 21 – “*And the Lord God caused a deep sleep to fall upon man, and he slept, and He took **one of his sides (Mi-tzalotav)**, and He closed the flesh in its place.*”

Tzela beteken **kant**, en verwys na Adam se sy. Tzela kom 40 keer in die Hebreëuse Bybel voor. In 23 van die verse beteken dit “'n kant,” en nie “rib” nie. In 15 gevalle beteken dit “sykamer.” Die enigste plekke waar dit as “rib” vertaal word, is die twee verse met die skepping van die vrou.

Banah: בָּנָה beteken om te **bou (Strong's 1129)** . Banah kom in 58 verse in die Hebreëuse Bybel voor. Vers 22. - *And the rib, which the Lord God had taken from man, **made (Banah)** he (literally, **builded into; aedificavit**, a woman.*

Die vrou is uit die kant van die man se liggaam gebou/geformeer/banah. God die plek daarvan met vlees toegemaak, en Adam is ná die operasie onmiddellik genees. Die vrou was van die begin af opgeneem in die goddelike plan vir die skepping van die mensdom. Sy was nie 'n nagedagte en is nie sekondêr nie, maar gelyk aan die ander deel wat 'n man geword het.

Aedificavit is Latyns vir bou, oprig, vestig, skep en raam.

- Hand 4:11: Latyn: Iesus interim superest, humanae societatis angularis lapis, iterum comprobata sententia, non esse nisi in ipso salutem: Hic est lapis qui reprobatus est a vobis aedificantibus, qui factus est in caput anguli, et non est in alio aliquo salus.

But Jesus remains for ever the corner stone of human society, and again the truth becomes apparent that without Him there is no salvation: "This is the stone which has been rejected by you, the builders, and which has become the head of the corner, neither is there salvation in any other"

1953: *Hy is die steen wat deur julle, die bouers, verag is, wat 'n hoeksteen geword het.*

KJV: *This is the stone which was set at nought of you builders, which is become the head of the corner.*

- Mat 21:42: **AMP:** *Jesus asked them, "Have you never read in the Scriptures: 'The [very] Stone which the builders rejected and threw away, Has become the chief Cornerstone; This is the Lord's doing, And it is marvelous and wonderful in our eyes'?"*

1953: *Jesus sê vir hulle: Het julle nooit in die Skrifte geles nie: Die steen wat die bouers verwerp het, dit het 'n hoeksteen geword. Hy het van die Here gekom en is wonderbaar in ons oë?*

I Kor 11:8 – “Want die man is nie uit die vrou nie, maar die vrou uit die man;”

I Timothéüs 2:13 – “Want Adam is eerste gemaak, daarna Eva.”

Die teks eindig met: **en bring haar na die mens:** *En die Here God bou die rib wat Hy van die mens geneem het, tot 'n vrou en bring haar na die mens.* So was Eva dan God se geskenk aan Adam: Sy was die hulp wat by hom pas!